**No. 1132** **1 Julie 1994**

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VOORLOPIGE VERKLARING TOT NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID: DIE OU PLAASHUIS EN SKUUR OP DIE PLAAS MELKBOOMSDRIFT, DISTRIK VREDENDAL

Kragtens artikel 5 (1) (c) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), verklaar die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede hierby die ou plaashuis en skuur op die plaas Melkboomsdrift in die distrik Vredendal, en soos in die Bylae hiervan meer volledig beskryf, voorlopig tot nasionale gedenkwaardigheid.

**BYLAE**

Die ou plaashuis en skuur, geleë op die Restant van die plaas Melkboomsdrift 184, in die afdeling Vanrhynsdorp.

Transportakte T24259/1994, gedateer 12 April 1994.

**G. S. HOFMEYR,**
Direkteur: Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

---

**No. 1133** **1 Julie 1994**

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, (No. 28 VAN 1969)

VERKLARING VAN ROERENDE KULTUURSKATTE: CASTOR EN POLLUX, 6,3 DUIM RML HOWITZER-KANONNE

Kragtens artikel 5 (1) (cD) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), verklaar die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede hiermee die kanonne bekend as Castor en Pollux, beide 6,3 duim RML howitzers, en soos in die Bylae hiervan meer volledig beskryf, tot kultuurskatte vanweë die historiese en kulturele belang daarvan.

**BYLAE**

Die twee kanonne bekend as Castor en Pollux is tydens die Beleg van Ladysmith (2 November 1899–28 Februarie 1900) gebruik. Op 27 November 1899 is die kanonne na Wagon Hill (ook bekend as Platrand) geneem waar dit teen 'n Long Tom-kanon aan Boerekant in aksie was. Op 18 Desember 1899 is die Castor-kanon beskadig, maar dit is op die slagveld herstel. Die Castor- en Pollux-kanonne het 765 van die 800 beskikbare rondtes ammunisie gevuur. Albei kanonne is daarna voor die Stadsaal van Ladysmith geplaas.

**G. S. HOFMEYR,**
Direkteur: Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

---

**No. 1134** **1 Julie 1994**

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, (No. 28 VAN 1969)

VERKLARING VAN ROERENDE KULTUURSKAT: DIE SOGENAAMDE "ONE O'CLOCK 12 PR ML"-VLOOTKANON, TE PIETERMARITZBURG

Kragtens artikel 5 (1) (cD) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), verklaar die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede

**No. 1132** **1 July 1994**

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

PROVISIONAL DECLARATION AS A NATIONAL MONUMENT: THE OLD FARMHOUSE AND SHED ON THE FARM MELKBOOMSDRIFT, VREDENDAL DISTRICT 9/2/102/5

In terms of section 5 (1) (c) of the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), the National Monuments Council hereby provisionally declares the old farmhouse and shed on the farm Melkboomsdrift in the Vredendal District, as more fully described in the Schedule hereto, to be a national monument.

**SCHEDULE**

The old farmhouse and shed, situated on the Remainder of the farm Melkboomsdrift 184, in the Division of Vanrhynsdorp.

Deed of Transfer T24259/1994, dated 12 April 1994.

**G. S. HOFMEYR,**
Director: National Monuments Council.

---

**No. 1133** **1 July 1994**

NATIONAL MONUMENTS ACT, (No. 28 OF 1969)

DECLARATION OF MOVABLE CULTURAL TREASURES: CASTOR AND POLLUX, 6,3 INCH RML HOWITZER GUNS 9/2/415/28

In terms of section 5 (1) (cD) of the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), the National Monuments Council hereby declares the guns known as Castor and Pollux, both 6,3 inch RML howitzers, as more fully described in the Schedule hereto, to be cultural treasures because of their historical and cultural importance.

**SCHEDULE**

The two guns known as Castor and Pollux were used during the Siege of Ladysmith (2 November 1899–28 February 1900). On 27 November 1899 the guns were taken to Wagon Hill (also known as Platrand) where they were engaged in a battle with a Boer Long Tom gun. The Castor gun was damaged on 18 December 1899, but was repaired on the battlefield. The Castor and Pollux guns fired 765 of the 800 available rounds of ammunition. Both guns have subsequently been placed in front of the Town Hall of Ladysmith.

**G. S. HOFMEYR,**
Director: National Monuments Council.

---

**No. 1134** **1 July 1994**

NATIONAL MONUMENTS ACT, (No. 28 OF 1969)

DECLARATION AS A MOVABLE CULTURAL TREASURE: THE SO-CALLED ONE O'CLOCK 12PR ML NAVAL GUN, AT PIETERMARITZBURG 9/2/436/7

In terms of section 5 (1) (cD) of the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), the National Monuments Council hereby declares the so-called One

hierby die sogenaamde "One O'Clock 12PR ML"-Vlootkanon te Pietermaritzburg, en soos in die Bylae hiervan meer volledig beskryf, tot kultuurskat vanweë die historiese en kulturele belang daarvan.

## BYLAE

Hierdie kanon is in 1812 vervaardig en in 1840 op die "HMS Fawn", wat aanvanklik vir die agtervolging van slaweskepe gebruik is, gemonteer. Ná die beleg van Port Natal in 1842 is die "HMS Fawn" daarheen gestuur om dié nedersetting te verdedig. Die kanon is ongeveer twee jaar later na Fort Napier in Pietermaritzburg verskuif, waar dit as die "One O'Clock Gun" bekend geraak het vanweë die feit dat dit elke dag (Sondae uitgesluit) om eenuur afgevuur is. Die kanon is weer in 1879 vir die verdediging van Pietermaritzburg gebruik, waarna dit na die huidige posisie oorkant die Stadsaal verskuif is.

**G. S. HOFMEYR,**
Direkteur: Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

O'Clock 12PR ML Naval Gun at Pietermaritzburg, as more fully described in the Schedule hereto, to be a cultural treasure because of its historical and cultural importance.

## SCHEDULE

This gun was manufactured in 1812 and was fitted in 1840 to the HMS Fawn, which was originally used for pursuing slave ships. After the siege of Port Natal in 1842 the HMS Fawn was sent to protect this settlement. About two years later the gun was moved to Fort Napier at Pietermaritzburg, where it became known as the "One O'Clock Gun", due to it being fired at one o'clock each day (except Sundays). After being used again in the defence of Pietermaritzburg in 1879, the gun was moved to its present position opposite the City Hall.

**G. S. HOFMEYR,**
Director: National Monuments Council.

## DEPARTEMENT VAN ARBEID

**No. 1165** **1 Julie 1994**

LOONWET, 1957

LOONRAADONDERSOEK: LOONVASSTELLING 470: BEGRAFNISONDERNEMING, SEKERE GEBIEDE—HERSIENING VAN LONE

Die Loonraad het ingevolge artikel 9 (3) van die Loonwet, 1957, besluit om persone wat belang het by bogemelde ondersoek waarvan besonderhede by Goewermentskennisgewing No. 377 in *Staatskoerant* No. 15512 van 25 Februarie 1994 gepubliseer is, toe te laat om mondelinge vertoë tot die Raad te rig. Vir dié doel sal die Raad sittings hou op die plekke, tye en datums hieronder aangedui:

(a) *Durban:* Departement van Arbeid, Kamer 317, Masoniclaning Staatskantore, om 11:00 op 5 Augustus 1994.

(b) *Port Elizabeth:* Departement van Arbeid, Kamer 116, Eerste Verdieping, Laboriagebou, Hoofstraat, om 13:30 op 10 Augustus 1994.

(c) *Bloemfontein:* Departement van Arbeid, Die Raadsaal, Tweede Verdieping, Civiliagebou, Elizabethstraat, om 09:00 op 12 Augustus 1994.

(d) *Kimberley:* Departement van Arbeid, Die Raadsaal, Derde Verdieping, Marksteadgebou, hoek van Mark- en Steadstraat, om 14:00 op 12 Augustus 1994.

(e) *Kaapstad:* Departement van Arbeid, Kamer 222, Tweede Verdieping, Thomas Boydellgebou, Paradestraat, om 11:00 op 19 Augustus 1994.

(f) *Pretoria:* Departement van Arbeid, Raadsaal, Kamer 102, Mannekraggebou, Schoemanstraat, om 14:00 op 25 Augustus 1994.

(g) *Johannesburg:* Departement van Arbeid, Raadsaal, Anuity House, Rissikstraat 18, om 10:00 op 30 Augustus 1994.

**M. J. DELPORT,**
Sekretaris: Loonraad.

## DEPARTMENT OF LABOUR

**No. 1165** **1 July 1994**

WAGE ACT, 1957

WAGE BOARD INVESTIGATION: WAGE DETERMINATION 470: FUNERAL UNDERTAKING, CERTAIN AREAS—REVISION OF WAGES

The Wage Board has decided, in terms of section 9 (3) of the Wage Act, 1957, to allow persons who have an interest in the above-mentioned investigation, particulars of which were published under Government Notice No. 377 in *Government Gazette* No. 15512 of 25 February 1994, to submit oral representations to the Board. For this purpose the Board will hold sittings at the venue, times and dates indicated below:

(a) *Durban:* Department of Labour, Room 317, Masonic Grove, Government Offices, at 11:00 on 5 August 1994.

(b) *Port Elizabeth:* Department of Labour, Room 116, First Floor, Laboria Building, Main Street, at 13:30 on 10 August 1994.

(c) *Bloemfontein:* Department of Labour, The Board Room, Second Floor, Civilia Building, Elizabeth Street, at 09:00 on 12 August 1994.

(d) *Kimberley:* Department of Labour, The Board Room, Third Floor, Markstead Building, corner of Market and Stead Streets, at 14:00 on 12 August 1994.

(e) *Cape Town:* Department of Labour, Room 222, Second Floor, Thomas Boydell Building, Parade Street, at 11:00 on 19 August 1994.

(f) *Pretoria:* Department of Labour, The Board Room, Room 102, Manpower Building, Schoeman Street, at 14:00 on 25 August 1994.

(g) *Johannesburg:* Department of Labour, The Board Room, Anuity House, 18 Rissik Street, at 10:00 on 30 August 1994.

**M. J. DELPORT,**
Secretary: Wage Board.